MURRAYSBURGER

Murraysburg
a beautiful secret

The secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is also available on the website. Hard copies available at Kweperlaan Coffee Shop.

Contact details on page 2

Mrt 2012
R3.00
No 12

'n Kuur vir sjokolade- en ander verslawing!

Daar is aldus Raymond Davids, 'n kliniese hipnoterapeut van Kaapstad, hoop vir sjokolade- en ander verslaafdes. Davids was die gasspreker tydens die VLV se openingsvergadering van 2012.

Alhoewel Davids in Suid-Afrika gebore is, het hy die grootste deel van sy lewe in LA in Amerika deurgebring. Hy het egter 'n paar jaar gelede tydens 'n vakansie in Suid-Afrika besluit om hom ten spyte van al die land se probleme hier in Vishoek in die Kaap te vestig.

Hier in sy middeljare het hy ernstig begin besin oor sy taak op aarde en het hy besef dat hy mense, spesifiek kinders, wil help. 'n Besoek aan die “Home 4 Kids” in Vishoek het hom bewus gemaak van die groot aantal gestremde kinders in ons land en wou hy iets spesiaals doen om hulle nood te verlig. Afgesien van fisiese gestremdheid ly meer kinders, as wat 'n mens besef, aan emosionele gestremdheid en kan die strelende, rustige stem van 'n hipnoterapeut 'n groot verskil in hulle lewens maak.

Davids maak gebruik van die “Emotional Freedom Technique”. Hy het beklemtoon dat hy met hierdie tegniek nie sy kliënt kan beheer nie en dat hy niemand kan dwing om iets teen sy sin te doen nie. Die persone wat dikwels tydens vertonings voor 'n gehoor vreemde dinge op 'n verhoog doen, is wel in hulle onderbewussyn bereid om so op te tree en slegs 50% van alle mense is vatbaar vir hipnose.

Hipnose kan wel suksesvol gebruik word om gedragspatrone te verander. Alle gedrag is aangeleer en kan dus volgens Davids met die samewerking van die kliënt verander word. Elke mens wat hom in 'n fliek of boek inleef, ervaar 'n mate van hipnose en daarom word hy hartseer wanneer 'n karakter deur diep waters gaan.

Die emosionele vryheid-tegniek, wat Davids gebruik, kan suksesvol ingespan word om rokers van hulle vernietigende gewoonte te laat afsien of om verslankers by te staan deur hulle te help om geleidelik anders na sigarette of kos te kyk. Verskeie sessies word benodig en dit is belangrik dat die kliënt werklik wil verander en tydens die sessie ten volle ontspan en eerlik saamwerk. Dit is ook belangrik dat die kliënt homself ten spyte van sy destruktiewe gedragspatrone aanvaar.

Omdat hy besef hoe wonderlik alles, ook die mens, geskape is en hoe almagtig die Skepper is, soek Davids al meer en meer na natuurlike oplossings vir gedragsprobleme. As demonstrasie het Davids 'n gewillige lid van haar verslawing aan Lindt-sjokolade probeer genees. Sy moes eers 'n paar keer diep asemhaal en dan sewe keer op die energiepunte in haar gesig, nek en borskas tik terwyl sy vir haarself herhaal dat sy nie meer 'n behoefte aan Lindt-sjokolade het nie. Aangesien dit slegs een sessie en boonop in die teenwoordigheid van dertig plus toeskouers was, is dit dalk nie vreemd dat die betrokke lid 'n paar dae later nie 'n aanbod van Lindt-sjokolade van die hand kon wys nie!

Davids se aanbieding was nie net interessant nie, maar ook geloofwaardig omdat hy uit sy hart gepraat het.

Mette Kromhout

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
EPOS: maritatheron@mweb.co.za / jenny_ballantyne@telkomsa.net
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening. Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address. The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

FROM THE EDITOR'S DESK .....

Hi everyone,

Well Christmas has come and gone as well as another leap year, and Easter will soon be upon us. I think that fortunately for us lucky people living in the middle of nowhere, time seems to pass a little more slowly. We are really enjoying our little shop '***Kweperlaan***' now that we have settled into a routine and hope to be able to serve light lunches and frozen pre prepared meals quite shortly.

Our sterilization project for the dogs and cats of our town is still in the pipeline, there is a lot of organization needed to finalise the arrangements, but as soon as we know we will let you know!

Jen

Briewe van lesers

Estelle Swiegers, Graaff-Reinet: Dit is regtig 'n plesier om so 'n goed versorgde produk soos die ***Murraysburger*** te lees. Ek is seker baie van die kleiner koerantjies kan maar by julle kom kers opsteek. Ek geniet dit om as oud-***Murraysburger*** al die stukkies en brokkies nuus te kan lees. Ek het besef waarom dit vir my so 'n heerlike ervaring was, want julle konsentreer op die positiewe van Murraysburg en nie die vele negatiewe dinge wat ons as mense altyd toelaat om 'n goeie ervaring te oorheers.

Ek is ook met reg trots op die besluit van my kinders om hulle grootword huis te restoureer en dit nou bydra om 'n goeie beeld van Murraysburg aan besoekers uit te dra. Dit was vir hulle belangrik om nog steeds 'n plek te hê waar hulle kon afskakel en as 'n gesin kan saamkuier, soos ons ook Kersfees gedoen het. Dit is ook my wens dat Kweperlaan die plek sal word waar almal bymekaar kom, plaaslik sowel as besoekers.

Freda Schoeman- De Rust: Hallo uit die Klein Karoo. Ek sien daarna uit om elke maand jul koerant te lees. Dit is wonderlik om te sien hoe ander klein dorpies groei en blom en alles begin net deur iemand se entoesiasme en deursettingsvermoë. Ek sal beslis eendag by **Kweperlaan** kom inloer as ek in daardie geweste kom.

André Louwrens, Murraysburg: Dankie!! Geluk! Dis heeerlike leesstof! Beste wense!

Chris Barr, Murraysburg: Well done both of you! We won't recognize Murraysburg in a year's time ☺

NG KERKBASAAR

21 Maart 2012

10.00	Vetvee Veiling
11.00	Basaarverkope begin
12.30	Middagete

TAFELINDELING

HUIS SPITSKOP	-	Marktafel
SUIDWYK	-	Pannekoek
NOORDWYK	-	Brood, koek & terte
SNEEUBERG	-	Poeding en sop
TROUBERG	-	Kleinkoekies, beskuit en lekkers
BRAKRIVIER	-	Kafee
LAER BUFFELS & RIETFONTEIN	-	Middagete

TUINBOUVERGADERING EGGO VALENTYNSDAG

'n Groot groep geesdriftige tuinboulede het die eerste vergadering van die jaar in die **Kweperlaan** bygewoon. Die voorsitter, Susanna van der Merwe, het die vergadering op 15 Februarie 2012 aangebied en met Valentynsdag nog vars in die geheue oor jou tuin as inspirasie gesels.

Voordat op die lewenslesse wat 'n tuin jou kan leer, gefokus is, het Van der Merwe die lede herinner aan die nodige instandhouding wat in Februarie/Maart in 'n tuin gedoen moet word en danksy die tegnologie haar wenke met treffende foto's geïllustreer.

Dit is belangrik om rose gereeld, selfs so dikwels as elke tien dae wanneer dit reën, met Funginex te spuit. Nie net dooie blomme nie, maar ook lang stele, selfs by potplante, moet afgesny word. Sodoende word nuwe groei en blomvorming gestimuleer.

Weens die goeie reën vereis die swembad ekstra aandag en troeteldiere moet teen vlieë en bosluise beskerm word. Honde se ore kan met 'n lappie in dip geweek, afgevee word en katte kan met Frontline+ beskerm word.

Dit is terapeuties om doelbewus na die voël- en ander geluide in jou tuin te luister en daardeur te leer om na die mense om jou te luister. Omdat nie alles, byvoorbeeld in droogtetye, altyd rooskleurig en grasgroen in jou tuin verloop nie, leer dit jou volharding en uithouvermoë en word jy dikwels gedwing om nuwe oplossings en planne te bedink.

Kreatiwiteit maak van elkeen 'n goeie tuinier omdat voortdurend beplan word om elke plant en struik so goed moontlik te laat vertoon. 'n Tuin, wat deur hael of droogte verniel is, herinner jou daaraan dat seerkry en swaarkry oorwin kan word en dikwels is 'n rustige tydjie in die tuin die beste medisyne om eensaamheid of selfs depressie te verlig.

Elke tuinier weet dat 'n tuin ook eise stel, aangesien geen tuin sonder die nodige versorging kan floreer nie. Onkruidbeheer, snoei, verbetering van die grond en gereelde nathou is van die pligte wat 'n tuinier, wat sy tuin wil geniet, nie durf verwaarloos nie. Van der Merwe se slotwoorde was dan ook dat indien jy vir jou tuin sorg, jou tuin vir jou sal sorg.

Voordat Margaret Wagenaar van die Granaatboomprojek aan die woord gestel is, het Van der Merwe vertel dat sy gaan inloer het by die persone wat in Oktober deur tuinboulede gehelp is om groente in bande te plant. Alhoewel dit nie orals ewe goed gegaan het nie, was daar genoeg suksesse om te poog om die projek uit te brei. Van die deelnemers is so opgewonde oor hulle eie skorsies en pampoene dat Van der Merwe self 'n ywerige groenteboer geword het, soos die foto van haar tamaties bewys.

Dit was vir die lede baie interessant om van Margaret Wagenaar te hoor hoe sy die granaatboomprojek beleef. Haar entoesiasme en trots op wat reeds bereik is, is aansteeklik. Indien dit die gesindheid van alle betrokkenes is, moet die projek 'n sukses wees.

Wagenaar, wat vir een hektaar met 690 boompies verantwoordelik is, het verduidelik dat die twaalf deelnemers aan die projek vennote van Alterna Fruit is en dat daar gereeld vergadering gehou en strategieë bespreek word. Sy is die sekretaresse. Namate hulle meer gevestig is en die bome, oor ongeveer drie jaar, 'n inkomste oplewer, sal Alterna Fruit begin onttrek en die huidige werkers die bestuur heeltemal oorneem.

Hulle moes noodgedwonge met die hulp van die WNNR geld leen. Dit is hoofsaaklik uit Indië afkomstig en die geldskieters het al kom inspeksie doen. Hulle was baie tevrede met wat tot dusvêr gedoen is.

Nadat die boompies verlede herfs geplant is, moes hulle in Julie so gesnoei word dat daar net een hoofstam is. Einde Augustus het die eerste blaartjies hulle verskyning gemaak, maar in September het ryp die boompies erg geknou. Die variëteit, wat die ergste deur die ryp beskadig is, is met 'n geharder variëteit vervang.

Van die deelnemers het pampoene tussen die rye granaatboompies geplant en met vreugde die mooi pampoenoes dopgehou totdat daar verlede week van die pampoene naby die draad verdwyn het. So beleef hulle ook die boere se frustrasies. Hulle beoog nou om 'n tweede nagwag aan te stel aangesien die gebied te groot is vir een persoon om dit effektief te patrolleer.

Die deelnemers weet dat hulle sodra die boompies 'n inkomste lewer eers hulle skuld moet betaal, maar intussen droom hulle daarvan om die projek uit te brei en om aan ander werk te verskaf.
Indien hierdie eerste vergadering 'n voorsmakie is van wat die lede deur die jaar kan verwag, sal die tuinbouklub van krag tot krag gaan.

Tuinbou Program datums vir 2012

7 Maart

25 April

16 Mei

22 Augustus

19 September

24 Oktober

28 November

ANEX

Murraysburg Youth Outreach Centre Year Plan

Month	Programme theme	Programme outline
January	Doing induction with volunteers	➢ Do the review of the past year with the programmes and activities that we did ➢ Set out the challenges that we faced and how we can strengthen our approach ➢ Going through each programme and set an approach as to what we want to achieve
	Athletics	➢ Assist the schools with their athletic training every afternoon
February	Start at ECD's and school with our programmes	➢ Visit the ECD's on Mondays and Tuesdays ➢ Visit the primary school Grade R's on Wednesdays ➢ We will be implementing the following programmes at these beneficiaries. Reading, sports and arts and crafts programmes. We will do each of these programmes for a week the institutions e.g. 1st week reading, 2nd week sports ➢ These at the morning sessions that we have at the ECD's and Primary school ➢ Life skills we will implement various topics on Thursdays at the High school and Primary school each week.
March	Child protection induction	Running the children's act programme with the primary school and crèches. Teaching them about human trafficking and child labour which takes place in our province and country
	Capacity building – healthy body – young woman and young girls	Capacitate young woman, girls and teenage mothers in and out of school youth in general. About the use of contraception and the different kinds that you can get. This is to ensure that girls know how to protect them to not fall pregnant at an early stage without any family planning. Also to drop the rate of teenage pregnancies in our town
April	Life skills – healthy body- young men and boys	Workshop around fighting HIV, STI's and also fighting peer pressure which leads to irresponsible acts and teenage fatherhood
	Freedom day	Watch DVD's of Long Walk to Freedom with the primary and high school kids. For them to know and understand what this day is all about
May	Child protection week	Organize a march for the children and designing posters and pamphlets for themselves with quotes from the children's act, children's rights and child pledge. Ending the day with some of these kids giving a poem, dance piece or singing a song by them
June	Arts and Crafts workshop – 16 June	Get youth within and out of school to partake in this workshop. They should choose either to write a story, poem, draw/paint a picture that talks about the progression of the youth or the difference from the youth of 1976 and the current youth ➢ Get some DVD's to watch that goes with the theme of the month. DVD'S like Sarafinah, Sharpsville Massacre, 16th June 1976 to build up knowledge up to the youth day celebrations
August	Celebrating woman's day	Workshop with young girls, teenage mothers, mothers and grandmothers. Each of the different generations sharing knowledge and background of their lives and the difference of the current age/generations
September	Cultural week	Display the different cultures that we have every week like and exhibition and getting info about the history, cultural beliefs, dress coats and way of living. Also the different changes these customs went through

AFTER SCHOOL PROGRAMME

Reading - we will focus on children from Grade R to Grade 7 in the afternoons from Monday to Thursday
Sports – we will run from Tuesday till Fridays every afternoon
Arts and Crafts – we want to do once a month
Home work programme – starting mid-February we will start working with the matrics assisting them with their projects, research and help them to compile their work as it is being done at the Universities. We will also assist them with after school classes as we will recruit matriculates from the previous years who are not working to share their knowledge and skills
Work with different church youth groups trying to have social Fridays once or twice a month with the different church groups
Try to attend as many workshops that deal with youth conflict management, youth counseling etc.
Build up more knowledge on keeping our programmes sustainable and running them successfully
Holidays programmes
1st quarter – global warming – we will go green by collecting recyclable things and make use of them
2nd – quarter – 16th June
3rd - quarter – recreation – play various sports codes in that week and introduce new sports codes if possible then end the day with a mini tournament

WêRELDBIDDAG VIR VROUE

Vroue, wie se paaie normaalweg nie sommer kruis nie, het op 2 Maart tydens die Wêreldbiddag vir vroue in die NG-kerk byeengekom om saam met vroue oor die hele wêreld te aanbid.

Na aanleiding van die riglyne, wat deur die vroue van Maleisië verskaf is, het die organiseerders van die byeenkoms, Sarie Reynolds en Theresa Troskie, 'n mooi program rondom die tema " Ons vier eenheid in Christus" saamgestel.

Ter inleiding het die teenwoordige vroue een en ander omtrent Maleisië gehoor. Alhoewel die grondwet godsdiensvryheid waarborg is die meeste Maleisiërs Moslems en slegs 7% van die bevolking is Christene. Die Portugese het die Christelike geloof na Maleisië gebring en die eerste kerk in 1511 gebou.

Die bevolking verteenwoordig verskeie kulture en die Maleisiërs, Indiërs, Chinese en verskeie minderheidsgroepe, wat daar woon, streef doelbewus harmonie en vrede na. Alhoewel vroue suksesvolle dokters, advokate, ingenieurs, ekonome en politici is, ervaar hulle egter op alle vlakke van die samelewing steeds diskriminasie en geweld.

In haar praktiese boodskap na aanleiding van Habakuk het Sarie Reynolds telkens beklemtoon dat ons as vroue nie sal ophou vertrou en glo nie al sou die vyeboom nie bot nie.

Die teenwoordiges het in gebed bely dat vroue nog dikwels die onreg en swaarkry om hulle misken en gebid vir die wil en wysheid om uit te reik en 'n verskil te maak in hulle gemeenskappe dwarsoor die wêreld.

Elkeen teenwoordig het 'n rooi lint met die woord "al" aan die eenkant en "nogtans" op die ander kant geskryf, ontvang om haar daaraan te herinner dat God altyd in beheer is al gebeur ook wat.

Die sang, klavier- en orrelspel van Werner Swart, Maryna Wallis, Liezl Conradie en natuurlik Hermien Botha, het bygedra tot 'n baie spesiale belewenis vir alle teenwoordiges.

Sarie Reynolds bring 'n begeesterde boodskap

Vragmotors wat drank vervoer, moet liefs die pad tussen Murraysburg en Graaff-Reinet vermy, want dis duidelik dat die drank, selfs as dit verseël in plastiekbottels agter op die vragmotor is, tog die bestuurder se oordeelsvermoë op onverklaarbare wyse aantas.

Twee en 'n half jaar gelede het René Theron by die draai op Voetpad op 'n omgeslane vragmotor afgekom met drank wat die wêreld vol gelê en aan dorstiges sowel as kitsentrepreneurs allerlei moontlikhede gebied het. Op 28 Februarie vanjaar ongeveer om 10:00 kom hy en Chris Barr sowaar weer op 'n drankvragmotor, wat op sy sy lê af, dié keer op Oubergpas, terwyl die bottels "Late Harvest" gereed gelê het om geoes te word.

Gelukkig was die polisie hierdie keer gou op die toneel om 'n wakende oog te hou.

Why always try to fit in when you were born to stand out!

VERRASSEND OM DORP TOE TE GAAN

Alhoewel nie baie lus om haar man Phil op 'n Saterdag na die koöperasie en so meer op die dorp te vergesel nie aangesien die lang stuk grondpad in die laaste stadium van swangerskap nogal sy uitdagings bied, is Rykie de Klerk ter wille van kosbare gemeenskaplike tydjies, wel op 2 Maart saam dorp toe.

Groot was haar verrassing toe sy Murraysburg se vroue van die 92-jarige Isabel van Heerden tot die driejarige Elné Reynolds soos sardientjies ingeryg in haar skoonmoeder, Maryn de Klerk, se huis aantref.

Dit was dan ook vir Rykie groot pret om al die onverwagte mooi geskenke te kon oopmaak en van die verskeie jong moeders teenwoordig allerlei raad te kon ontvang. Die oumas en oumagrootjies moes hulle ore goed spits aangesien babas in 2012 heel anders versorg word as vyftig jaar gelede!

Almal teenwoordig het hierdie ooievaarstee terdeë geniet en heerlik saamgekuier. Die beste wense vergesel Rykie en Phil de Klerk van Swartbos en daar word geglo dat klein Frederik, oupa Peet se naamgenoot, binnekort sterk en gesond sy verskyning sal maak.

FOR SALE BY OWNER

FURNISHED or UNFURNISHED

21 BURGER ROAD
MURRAYSBURG

"Are you looking for old world charm? Peaceful area, low rates, cheap water, functional municipality, basic amenities, library, post office, garage, police station, good small hospital & clinic, superette, excellent butcher, ABSA Bank, local free range eggs & milk."

THIS GRAND, LARGE KAROO VICTORIAN FAMILY HOME, HAS IT ALL & MORE. 150 YEAR OLD, WITH ENOUGH ACCOMMODATION FOR FAMILY & FRIENDS. FULLY RENOVATED – READY TO MOVE IN. WITH 4.2m HIGH YELLOW WOOD CEILINGS & OREGAN PINE FLOORS TO BEDROOMS. WELL APPOINTED IN THE QUAINT KAROO VILLAGE OF MURRAYSBURG. 3 HUGE BEDROOMS (1 WITH SHOWER EN SUITE). SEPARATE BATHROOM. LARGE DINING ROOM (or 4TH BEDROOM). LARGE LOUNGE COME DINING ROOM WITH ORIGINAL VICTORIAN FIREPLACE. FAMILY KITCHEN WITH AGA COOKER. ENCLOSED STOEP AREA FOR RECREATION. OUTSIDE PATIO AREA UNDER VINE. OUTSIDE WORKSHOP. OUTSIDE LOO. GARAGE. WELL MAINTAINED GARDEN WITH BOREHOLE. VEGETABLES, FRUIT TREES & SALAD HOUSE. A MUST SEE WITH MANY MÔRE EXTRAS. IDEAL FOR B&B!

CONTACT: MICHAEL or PENNY MISPLON
Tel: 049 8440364 Email: mpmagic@absamail.co.za

Main bedroom, kitchen and Victorian fire place

NUUSBROKKIES

- Op 12 Februarie het Kobus en Tenly, seun en skoondogter van Kotie en Lina van den Berg, hul dogtertjie, Sunday, laat doop. Verversings is na afloop van die diens in **Kweperlaan** geniet.
- Op 28 Februarie het Paul en Jeanette Avenant oupa en ouma geword. Julie en WR is die trotse ouers van klein Aileen Isabelle.
- **Kweperlaan** sal binnekort gevriesde wegneemetes beskikbaar hê vir al die alleenlopers in die dorp! Kontak vir Jenny by 082 5093 120 vir navrae.